


KONINKRYKSTYD
7 JUNIE 2026

NED. GEREF. KERK
WELLINGTON-NOORD



# NOORDNUUS

- **Erediens** **09:30 | Kerkgebou**
- **Predikant** **Ds. Francois Human**
- **Orrelis** **Johann Enslin**
- **Deuroffer** **Inovation for the Blind**
- **Digidiens** **Ds. Lettie Büchner**

## KINDERS | JEUG

**Voorskool tot Graad 3** deel in kindermoment tydens erediens en gaan dan saal toe. U kan dan weer u kind na die erediens by die kerksaal kry. Die **Graad 4 tot 10 leerders** gaan saal toe vir hul ontmoetings na afloop van die erediens. **Belydenisgroep** net na erediens in konsistorie.

## Algemene Inligting


MacCronestraat 11 - Wellington - 7655
021 873 2763 I info@wellingtonnoord.co.za


Bankbesonderhede: ABSA | Wellington | 430 580 019
**Kantoorure** | **Skriba** | Maandag - Vrydag | 8:30 - 12:30
**Gemeentebestuurder** | Maandag - Donderdag | 7:30 - 15:30
Vrydag | 7:30 - 14:30

zapper
The rewarding way to pay

www.wellingtonnoord.co.za

# VERJAARSDAE | JUNIE

07 Marle Benade | Albert Bester | Jon-Henri du Plessis | Corné Niemann

08 Freddie Marais | Maria Odendaal | Christine Roux

09 Franciska Willemse | Garreth Wolmarans

10 Ilze-Meré Rossouw | Rozené Smit | Elsbeth van Huyssteen

11 Aletia Bester | Andries Olivier | Rian Serdyn

12 Leané Nortje | Cara vd Merwe

13 Chantel Coetzee | Trus Groenewald | Theo Heydenrych | Melissa Reynolds

14 Johann Enslin | Ernst Morkel (Jr) | Louis Schietekat | Danie vd Westhuizen

15 Frans-Pieter Badenhorst | Lihan Buckle | Anton du Toit | Albertus Laing | Joan Malan
Karlien Spangenberg

16 Albertus Buckle | Ora Jordaan | André vd Merwe

17 Danté Walden

19 Marlize Hamman

20 Jandri Oosthuizen

## HIER DINK, LEEF EN GROEI ONS SAAM

Wil jy groei in jou geloof?

## Woordskool

Dis informeel, gemaklik en
almal is welkom.

9 & 23 Junie 2026: 18:30
10 & 24 Junie 2026: 09:30



# Vertoef



## in Heilige teenwoordigheid

## Stil begeleide Retreat vir jouself met God

deur Peet Bester & Willem Smit

**Datum:** 13 - 17 Julie 2026

**Waar:** AMSS, Wellington

**Koste:** R2 700 / subsidie beskikbaar vir predikante

**Bespreek:** admin@andrewmurraysentrum.co.za / bestera@kaapkerk.co.za

Andrew Murray
SENTRUM VIR SPIRITUALITEIT
CENTRE FOR SPIRITUALITY




# BONUS NOMINASIES - WEN 'N SKAAP!

R500 per nominasie | Slegs een nominasie per duif

In kort jy voorspel watter duif gaan wen. As jy reg is wen jy 'n volle skaap. Heerlike Boesmanland skaap.

Nominasies sluit 12 Junie 2026 by die kerkkantoor.
Kontak kerkkantoor 021-873-2763 of info@wellingtonnoord.co.za

## Baie Dankie

Ons opregte dank aan al ons ondersteuners, borge, skenkers en vrywilligers – en aan elkeen wat op enige wyse by ons duiweveiling betrokke was. Julle ywer, tyd, skenkings en harde werk het hierdie gebeurtenis moontlik gemaak. Sonder elkeen van julle, wat ook al die bydrae was, sou dit nie so 'n groot sukses gewees het nie.

Dankie vir julle volgehoue steun en betrokkenheid.






## TEN LAASTE

‘n Mens voel soms soos ’n naamlose randfiguur wat ongesiens in die massa verdwyn, maar by Jesus is jy nooit onsigbaar of onbemind nie. Net soos die vrou wat in desperaatheid aan die soom van sy klere geraak het, sien Hy jou persoonlike aanraking raak en noem Hy jou met deernis dogter of kind.

God openbaar Homself deur die eeue as barmhartig, genadig en oorvloedig in troue liefde. Hy het jou naam in die palms van sy hande gegraveer en belowe dat Hy jou nooit sal vergeet nie, selfs wanneer dit voel asof alles rondom jou in duie stort. Sy genade is nie ’n beloning vir jou prestasies nie, maar ’n onverdiende geskenk wat jou uit jou sonde-ellende optel.

Wanneer die storms van die lewe woed en jy kragteloos voel, word ons hierdie week herinner om geduldig vas te hou aan die hoop wat nie beskaam nie. Christus is die Rots wat vir ons ’n vaste fondament en ewige sekerheid bied. Sy krag word juis in jou swakheid volbring en sy genade is vir jou meer as genoeg om jou deur elke beproewing te dra.

Mag jy vandag rus vind in die wete dat jy duurgekoop en kosbaar is in sy oë. Al voel jy soms verslae, is die Here naby diegene wat gebroke is en gee Hy nuwe krag, keer op keer.

VRYDAGNUUS-SPAN (KAAPKERK)

## DEURKOLLEKTE

INNOVATION FOR THE BLIND

Innovation for the Blind is ’n nie-winsgewende organisasie in Worcester wat volwassenes met siggestremdhede bemagtig om meer onafhanklik en volwaardig te leef. Die organisasie bied versorging, opleiding, rehabilitasie, vaardigheidsontwikkeling en werksgeleenthede aan blindes, swaksiendes en doofblindes. Deur hul verskeie programme help hulle inwoners om praktiese vaardighede, selfvertroue en selfstandigheid te ontwikkel. Sedert 1881 speel Innovation for the Blind ’n belangrike rol in die bevordering van waardigheid, insluiting en beter lewensgehalte vir mense met visuele gestremdhede in Suid-Afrika.

# KONINKRYKSTYD

**Juniemaand is JEUG-maand.**
Laai die DinkJeug Families app af luister, lees, gesels en bid saam.

## HUISGELOOF
### 7 JUNIE 2026
### VEILIG
### GEN 12 EN PS 33

## OMGEE
'n Nagliggie help kinders om saans nie bang te wees vir die donker of eensaam te voel nie. Vertel van hoe jy veilig geslaap het to jy klein was, dalk met 'n spesiale teddie of 'n kombersie. In **Jeugmaand** dink ons daaraan dat elke kind die reg het om veilig en geliefd te voel.

## GESELS
Abram word geroep en geseën en die Here gee aan hom 'n belofte en 'n opdrag.
**Lees: Gen 12:1-9**

- Hoe dink jy het Abram gevoel toe hy die Here se woorde gehoor het?
- Watter beloftes gee God aan hom?
- Watter opdrag gee Hy?
- Hoekom dink jy het Abram en sy familie dadelik getrek?
- Hoe sal jy voel in moeilike omstandighede as jy weet: God seën my en is by my...?

## DOEN
Dink aan 'n kind of jongmense by die skool of in julle gemeenskap wat tans 'n uitdaging beleef. Op watter praktiese manier kan julle hierdie week 'n seën vir hom/ haar wees?

## BID
Gebruik **Ps 33:1-12** as 'n gebed. Bid ook vir die **veiligheid** van kinders, kinders in uitdagende omstandighede, maatskaplike werkers en kinders in nood.

DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore:




Aan al ons dapper atlete van ons dorp en gemeente wat volgende naweek die Comrades aanpak:

Loop met die wind van ons hart agter julle, elke tree 'n gebed, elke asem 'n lied.
Mag julle voete lig wees, julle gees onbreekbaar, en pyn vervang word deur trots.
Onthou: julle dra nie net eie drome nie, maar die hoop en liefde van ons almal.
Wanneer die pad swaar raak, draai julle oë na Hom – daar lê julle oorwinning.
Staan vas, stap sag, hardloop dapper – ons is by julle, in elke hartklop en elke kilometer.
Wees veilig en kom huis toe met stories wat lig sal bring in ons kerk en dorp.

Wellington-Noord Geloofsgemeenskap